COMPRESS—SMALL PDF

# Hulp en Hoop

Kwartaal 2

JULIE 2023

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

**SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

## In die uitgawe

Evangelisasie 2

Lofprysing en Aanbidding 2

Survivorkamp 3

Gemeentefoto's 4

*OM TE EVANGELISEER IS DUS OM TE GETUIG OOR JESUS.*
*OM DIE GOEIE BOODSKAP VAN VERLOSSING TE VERKONDIG.*

## KWARTAAL OORSIG / BEPLANNING

As u sommerso deur hierdie nuusblad gaan lees gaan u sommer ervaar wat alles hierdie kwartaal plaasgevind het. Van Sterkrivier Basaar, die Jeug se gholfdag, kampe, uitreik projekte en sommer al die bedieninge waarmee ons gemeente besig is.

Hierdie kwartaal gaan net so gepak wees vol opwinding. As ons sommer opnoem, die Bybelstudies waar ons die boek Ester deurstap, die "Deel jou Geloof" seminaar wat aangebied word in Augustus. Ons gemeente se Basaar in die dorp en al die barmhartigheidsprojekte wat so in die nadraai van die winter op ons wag.

Daarmee saam moet ek iets sê oor die musiek, waar ons gemeente nuwe liedere met die videos begin aanleer. Met u terugvoer, gaan ons saam maniere vind om hierdie liedere deel van ons manier van aanbidding maak, om ons geloof te versterk en God daarmee te verheerlik.

'n Projek waaroor ek baie opgewonde is en na uitsien is **hoe u as ouers betrokke gaan raak in die ontwikkeling van ons Kleuter en Peuter bediening**.

In 'n artikel van die Hervormde Kerk 15 Julie 2019 haal ek graag die volgende aan. Deuteronomium 6:4-9 ***"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. [5]Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. [6]Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. [7]Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. [8]Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. [9]Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte."***

Die woorde ***Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here*** maak deel van die sjema. Die sjema was 'n spreuk wat baie belangrik was in die Joodse godsdiens. Mens sou kon sê dat dit hulle heel diepste belydenis was, naamlik die belydenis van die één God wat sy volk uit Egipteland uitgelei het en hul onderneming om sy gebooie nougeset en met algehele toewyding te bewaar. Die Jode het elke oggend en elke aand die sjema opgesê. Die volk van God het dit baie ernstig opgeneem oral opgeskryf en gedra, maar die belangrikste. ***[7]Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.***

Kinders het hulle ouers nodig, kinders het God nodig, kinders het hulle ouers nodig om vir hulle te wys dat hulle God nodig het en dan vir hulle te leer dat God altyd daar is vir hulle. En weet julle, die enigste manier hoe dit kan gebeur is as ouers daar is om dit vir hulle kinders te leer. **Hoe, wanneer, waar ?**

**As jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan dis 'n lewens-wyse. Saam met ouers en die gemeente moet ons gaan soek hoe kan ons die opdrag verwesenlik en die bediening van die beenaf kry.**

Mag u God se seën in oorvloed ervaar die kwartaal en mag ons dan ook 'n seën vir ander wees.

Groete Ds. Jacques

## 4 Spiritualiteite tipes

As daar een saak is waaroor mense maklik krities raak, is dit dat ander mense nie die Here op "*die spesifieke manier waaraan ons*" gewoond geraak het aanbid nie.

Maar hoekom ervaar en aanbid ons op verskillende maniere ? Hoekom is daar gelowiges wat in een gemeente is, maar verskillend dink oor gebed en eredienste?

Daar is 'n verskeidenheid redes: die een is dat persoonlikhede en temperamente verskil. Mense het ook verskillende talente en gawes. Mense het egter ook verskillende spiritualiteitstipes.

In hierdie artikel gaan ek 'n kort oorsig gee oor mense se **<u>verskillende spiritualiteitstipes</u>**. Gelowiges het meer begrip vir mekaar se andersheid as hulle verstaan dat daar meer as een manier is om tot God te bid, erediens te hou en saam met God te leef!


***Wat is spiritualiteit?***
*Dit is die mens se diepste dors / hunkering na God. Dit is elke mens se styl hoe hy voor die aangesig van God wil wandel – hoe hy wil bid en leef. Spiritualiteit verwys na ons ervaring en wandel met God : waar en hoe ons die teenwoordigheid van God beleef.*

*Spiritualiteits tipes, soos beskryf deur Corinne Ware and Urban Holmes*

**Tipe 1: Kopspiritualiteit (*Teologies georiënteerde mens - Kennis te deel en waarhede te integreer*)**
Hierdie groep fokus daarop om kennis te deel en waarhede te integreer. Feite en duidelike geloofsoortuigings is vir hulle belangrik om te VERSTAAN. Hulle hou daarvan om die Bybel te lees, meer te leer en roetine te volg. (ervaring is nie vir hulle prioriteit nie).

**Tipe 2 : Hartspiritualiteit (*Charismaties georiënteerdemens* )**
Hierdie groep fokus op persoonlike groei en verhoudings. Persoonlike getuienis, musiek en evangelisasie is vir hulle belangrik — Hulle verkies tipe prediking wat van ander se getuienisse of ervaring praat Hulle is gewoonlik ook voorstanders van informele manier van dinge doen.

**Tipe 3: Mistieke spiritualiteit (*Mistiek georiënteerde mens*)**
Die mistieke (affektiewe /opofaties) hou daarvan om aan God se voete te sit en luister. Die affektiewe (emosie) is vir hulle ook belangrik, maar hulle emosie is na binne gekeer. Hulle luister eerder na God



as om met hom te praat. Hulle soek die teenwoordigheid van God.Stiltes in erediens is belangrik. Simbole speel 'n belangrike rol in hulle geloofsvorming. Hulle hou ook van meditatiewe dissiplines en die lees van die Bybel help hulle om nader aan God te groei. Stilgebed is vir hulle belangrik.

**Tipe 4: Koninkrykspiritualiteit (*Baanbreker georiënteerde mens*)**
Die koninkryksspiritualiteit ( spekulatief/ apofaties) hou daarvan om aktief by sending, barmhartigheid asook die sosiale aksies, betrokke te wees. Dit is vir hulle belangrik om met medewerkers saam te beplan aan die aksies waarby hulle betrokke is en saam te bid daarvoor. Hulle is dikwels die sosiale gewete van die kerk en bring die gemeente tot aksie.




# Evangelisasie

**Wat is evangelisasie?**
Weet jy wat dit beteken om te evangeliseer? Weet jy wat jy moet en nie moet doen nie?

Ons kan dié vrae beantwoord deur eerste te kyk na wat die woord evangeliseer beteken. Die woord evangelisasie is wanneer daar geëvangeliseer word. Evangeliseer is wanneer die evangelie verkondig word. Die woord evangeliseer in Afrikaans kom van die Griekse woord "euangelizo" wat beteken *"om die goeie nuus te verkondig"*.

Evangelisasie is dus die verkondiging van die goeie nuus, die verkondiging van die evangelie (wat goeie nuus beteken).

**Maar wat is die goeie nuus?**
Alhoewel dit moeilik is om dit saam te vat kan dit kortliks soos volg beskryf word: Christus het gekom om vir ons sondes te sterf. Deur sy kruisdood ontvang ons vergifnis van ons sondes en word ons as kinders van God aangeneem. Ons word ook die geregtigheid (die volmaakte gehoorsaamheid aan God se wil) wat Hy deur sy lewe verdien het toegereken. Dit is die kortste en vinnigste beskrywing van die evangelie, maar daar is baie meer daaraan as net dit.

Die evangelie is persoonlik. Dit gaan oor die verlossing wat jý deur die lewe en werk van Jesus Christus ontvang het. Daarom is evangelisasie in die eerste plek om aan ander te vertel wat Jesus vir jou gedoen het en vir jou beteken.

**Die basiese beginsels van evangelisasie**
Wanneer ons oor die basiese beginsels van evangelisasie praat is daar twee tekste wat baie belangrik is.
Die eerste een is **Handelinge 1:8** waar daar beskryf word wat die Here Jesus met sy Hemelvaart vir sy dissipels gesê het. Daar staan:
*… maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.*
Uit hierdie vers is daar drie dinge wat van toepassing is:
- Die Heilige Gees sal aan die gelowiges krag gee.
- Die krag wat die Heilige Gees gee is sodat hulle getuies sal wees.
- Die gelowiges sal getuig tot aan die uiterstes van die aarde, oor die hele aarde heen.

Die gelowiges getuig oor Wie Jesus is en wat Hy gedoen het, vanuit die krag wat die Heilige Gees gee, regoor die wêreld. Dit is wat ons bedoel met die woord evangelisasie of evangelisering.

Die tweede teksgedeelte is **Matteus 28:18-20**. Dit is die heel laaste perikoop van die evangelie volgens Matteus. Daar staan:
*En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*
As ons na die gedeelte kyk sien ons dat daar drie aspekte is aan wat hier staan:
- Eers leer die Here Jesus ons iets van Homself. Hy sê: *"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."*
- Op grond van Wie Hy is en wat Hy doen gee Hy aan ons 'n opdrag. Let veral op die woord dan in vers 19. *"Gaan dan heen, maak dissipels …"*
- Daarna gee Hy aan hulle 'n belofte om hulle te bemoedig in die uitvoering van sy bevel (vers 20).

Jesus het alle gesag in die hemel en op aarde en as Almagtige Koning gee Hy aan ons dié opdrag wat ons in Matteus 28:19-20 lees. Gaan dan heen. Jesus sê omdat Hy alle mag in die hemel en op aarde het, moet ons gaan. Ons moet Hom as Koning gehoorsaam en gaan. En, wanneer ons gaan moet ons dissipels maak van al die nasies. 'n Dissipel is 'n leerling of volgeling van iemand anders. Ons word dus beveel om te gaan en dissipels van al die nasies te maak. Ons opdrag is om van al die nasies volgelinge van Jesus maak.

**Hoe ons moet evangeliseer**
Die opdrag wat ons in Matteus kry, sluit die manier waarop ons dit moet doen in. Die 2020-vertaling sê dit goed: *"maak dissipels van al die nasies deur hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat ek julle beveel het."* Daarom is die manier waarop ons dissipels moet maak deur hulle te doop en hulle te leer. Dit beteken dat die evangelie aan ongelowiges verkondig moet word. Hulle moet gebring word om hulle sondige verlorenheid te besef, en dan om onder leiding van die Heilige Gees te bely dat hulle verlossing slegs deur Jesus is. Hulle word dan gedoop en gemerk as die kinders van God die Vader, Seun en Heilige Gees Heilige Gees.

Die werk eindig egter nie by die belydenis en doop van die nuwe gelowige nie. Hulle moet verder nog deurlopend alles geleer word wat Jesus die gelowiges beveel het. Daarom is dit 'n voortdurende taak om jong gelowiges tot geloofsvolwassenheid te lei.

**Jesus belowe dat Hy by ons is**
Jesus sluit sy woorde in Matteus met 'n belofte af: *"en kyk, Ek is met julle tot die voleinding van die wêreld."* Hierdie is 'n groot troos en bemoediging. Die Here Jesus het gesê dat die wat Hom navolg vervolg sal word, en dat gelowiges sal swaarkry en ly in hierdie wêreld. Daarom, wanneer gelowiges die evangelie verkondig en vervolg word, geld die woorde van die Here in Matteus 5:11-12:
*Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.*
Dié troos is nie net vir later nie maar ook vir nou. Want Jesus het alle mag in die hemel en op aarde en Hy is by ons. Deur die Heilige Gees troos en versterk Hy ons as dit swaar en moeilik gaan. Dit sal nie ophou voordat die hemel en aarde vergaan nie.

*Om te evangeliseer is dus om te getuig oor Jesus. Om die goeie boodskap van verlossing te verkondig. Dit beteken dat ons moet praat daaroor.* Ons moet mense vertel. Die mense saam wie jy skoolgaan of klas het, die mense saam met wie jy dalk werk. Aan hulle moet die goeie nuus van die evangelie verkondig word. Die gevaar bestaan egter om te sê: dalk as ek goed leef dan sal hulle sien sonder dat ek hoef te praat. Maar dit is nie waar nie, ons moet dit vertel aan ander, en ons woorde moet deur ons dade ondersteun word. Daarom het ons die opdrag: gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies.

deur Peet van der Westhuizen




**Loof die Here , prys sy Naam!**

**Lofprysing - Hoekom doen ons dit**?
Weet jy, die eerste en heel belangrikste ding rondom lofprysing, is gesindheid. As ek en jy nie die Here se grootheid kan raaksien en aan Hom erkenning gee vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen nie, kan ek en jy Hom nie regtig loof en prys nie. *As lofprysing nie uit jou hart uit kom nie, moet jy dit liewer los, want dan maak ons 'n bespotting van Hom.*

**Wat is lofprysing?**
Ware lofprysing is 'n bewustelike, doelgerigte aksie om die Here se Naam groot te maak, om eer aan Hom te bring, om Hom te verheerlik.

**Hoekom lofprysing?**
- Dis 'n opdrag. Die Here verwag van my en jou om te reageer op Sy weldade, en daarvoor is lofprysing net die regte ding.
- Dit is lekker, want as ons in lofprysing voor die Here gaan, ontvang ons self 'n klomp seën. Dit hang natuurlik van jou gesindheid af, of hoe?
- Dit is 'n manier om saam met medegelowiges koinonia te ervaar - bv. in die kerk, 'n selgroep, ens.
- As ek en jy net vir 'n oomblik gaan stilstaan en dink oor die Here, moet dit mos spontaan kom om Hom te besing.

**Hoe doen ons lofprysing?**
Die persepsie wat die meeste mense oor lofprysing het, is sing. Dit is definitief ver van die enigste manier van lofprysing, maar sekerlik een van die belangrikste.

**Ander maniere van lofprysing:**
Gebed, Sing, Getuig, Dans / koordanse en Bybel lees.

*Prys die Here! Met ramshorings, harpe, liere, tamboeryne, koordanse, snaarinstrumente, simbale. Ja, selfs met die orrel in die kerk. Moet tog net nie bedroef klink nie!*

Lofprysing is 'n keuse, 'n besluit dat ons lippe nie verseël sal wees nie. Altyd, oral, ook vir die klein dingetjies. Spog tydig en ontydig met jou Here, selfs as jy "af" voel.

**Ons as gemeente wil graag lofprysing deur sang en musiek bevorder. Ons wil graag kontemporêre ('band') musiek en veral liedere van Flam en Vonk meer bekendstel. Daarom dan ook die saam-sing met Musiekvideos**

# SURVIVORKAMP






**Die kamp het oudergewoonde plaasgevind vanaf 26—30 JULIE te Badseloop. Hoërskooljongmense van Gr 8—11 het kom saam kamp!**

Dis 'n ervaringsleer program waar jongmense net deur dinge wat hul ervaar en doen in die natuur, meer van hulself en hul talente leer en ook dit prakties in hul lewe en christenskap kan toepas





## JONGMENSE VERTEL

**Eddie Loxton Surv**
Hoop ook om almal weer te sien dan kan ons weer lekker tyd saam spandeer en meer memories maak 13:56
😂

**Liam Wilson Surv**
😆 13:57
🤣

**Chiara Surv**
Moenie warrie nie ek mis die kamp Al klaar dit was super lekker gewees maar die week het so vinnag verby geloop 13:51
👍

**Angelo Jansen Surv**
> Chiara Surv
> Moenie warrie nie ek mis die kamp Al klaar dit was super lekker gewees maar die week het so vinnag verby geloop

Stem saam💯💯 13:53
👍

**Chiara Surv**
> Angelo Jansen Surv
> Stem saam💯💯

Ja , as die kamp net Langer was !! So dit super duper cool gewees het 13:54

**Eddie Loxton Surv**
Dit was baie lekker
Dankie vir almal 13:54

**Chiara Surv**
> Eddie Loxton Surv
> Dit was baie lekker
> Dankie vir almal

Ja Baie Baie Baie dankie !! Hoop Om almal volgende jaar weer te sien vir meer pret ! 13:55















## OUERS VERTEL

**Glana Boardman Surv Ouer**
Ek wil net baie dankie sê vir Ds Andre en Anita en almal betrokke en al die organiseerders, my dogter het die kamp regtig baie geniet 🌸! Baie seën met dit wat julle inploeg in ons jeug, dit word opreg waardeer! 🤗 08:38
🙏

**Irma Maree Surv Ouer**
Ook v my kant, Sylvia het die kamp baie geniet! Baie baie dankie. Fotos v d kamp op groep goeie idee. Sal verwelkom word 08:40

**Adele De Visser**
Baie dankie vir wat jul vir die Jeug doen en beteken. JJ kan nie uitgepraat raak nie waardeer opreg. 🌼🤍 08:52

**Andrea Jansen Surv Ouer**
Ja ek wil ook baie dankie se my kinders het dit ook geniet dankie vir alles God seen 🙏🙏 09:05

**Jenita Grobler Surv Ouer**
Baie Dankie, Lianè het dit werklik baie geniet. Ons sien uit ma volgende jaar. 🙏🪷 09:37

**Elna Henning Surv Ouer**
Baie dankie vir n baie lekker kamp, Nadine sien uit na volgende jaar se Survivor en Gr11 kamp....🤗 09:52

**Andrea Jansen Surv Ouer**
Ja ek wil ook baie dankie se my kinders het dit ook geniet dankie vir alles God seen 🙏🙏 09:05

**Elizna Mostert Surv Ouer**
Baie dankie vir al julle moeite. DJ het my laat weet met die in stap Vrydag hy is volgende jaar weer daar 09:11

**Jeneane Wilson Surv Ouer**
Ek wil ook baie dankie sê 🤗
My seun het dit baie geniet en kannie uitgepraat raak daaroor nie😁
Mag die Here julle seën vir die wonderlike werk wat julle doen vir die jeug🙌 09:14

**Lizelle Adlem Surv Ouer**
Franco ook. Hy kan nie wag vir volgende jaar sin nie. So baie geniet en sê sy spankaptein en maats is awsone.. so baie nuwe vriende gmk. Dankie ook aan elkeen wat betrokke was. Mag God die Kampe seën in oorvloed. Dankie ook vd ouers wat ander saamry geleenthede gebied het. 🙏🙏 09:35



AKKN - Huis Bauhinia hou partytjie




Kamdeboo stap - Fondsinsameling vir AKKN





AKKN - Huis Boekenhout se seuns pruit in hul nuwe nagklere




Jeuggholfdag





Sterkrivier Basaar

